Ps. 105 : 4, 5. **Die Stryd om 'n Kind.** Alkp 2 okt. 1960.
" 128 : 2, 3. 1 Sam. 1 : 1–28
Ges. 31 : 1, 2, 3, 5.

1 Sam. 1 : 28 – So staan ek hom dan ook af aan die Here al die dae wat ek leef.

Die stryd om die behoud, om die uitbou van die huisgesin is eerstens die stryd om die Kind: want dis alleen die koms van 'n kindjie in 'n huwelik wat dd. huwelik 'n gesin laat word. En daarom is dit nodig dat ons keer op keer herinner word aan die magte, die invloede wat inwerk op die vorming van die kind se karakter. Dis ook nodig om dit betyds te besef sodat ons nie later in radeloosheid, in frustrasie en wanhoop ~~nood~~maatreëls probeer tref om te red wat nog te red is as dit al te laat is – of byna te laat!

Die gebeure wat hulle afspeel om d. geboorte van Samuel ~~het~~ hou vir ons in hd. opsig 'n baie belangrike waarhede in:

I **Die Worsteling om 'n Kind:** Hd. vrou, Hannah, het geen kind nie – en vir 'n Israel. vrou was dit 'n bron van droefheid en smaad, omdat elke vrou van die ou tyd gehoop het dat die Messias uit haar gebore sou word, afgesien nog van die natuurlike drang tot 'n eie kindjie in haar hart as vrou. Haar onvrugbaarheid is 'n bron van spot by haar opponent, Peninna, en 'n bron van smaad vir haarself. (Hoe bytend skerp kan spot nie uit die mond van 'n vrou!)

En nou worstel hd. vrou in gebed: sy stry met haar hele wese, sy stry in haar siel – met God. En die stryd gaan om haar kind – haar nog ontvange en ongebore kind. Vandag is die worsteling ~~gewoonlik~~ baiekeer andersom: die stryd van

Ouers onder mekaar of die worsteling met hulle kinders. Hier is dit anders: dis die stryd om 'n kind, vir 'n kind! Innerlik is die stryd so heftig dat ander dit merk. Verneder deur 'n ander vrou, nie verstaan deur haar eie man, veroordeel deur haar geest. vader (watter openbaring van Eli se gebrekkige afgestompte geestelike aanvoeling!) vlug sy nou tot God. Haar nood, haar droefheid dryf haar uit tot Hom! En omdat haar nood so hoog is en haar droefheid so diep, daarom is haar gebed so sterk (vs. 12). Dis 'n worsteling met God!

→ 1) Wanneer dit donker is in u siel, wanneer u worstel om lig — na wie gaan u? Voor wie lê u u nood? Hier is 'n vrou wat bid oor haar nood!

~~kin~~ 2) Wanneer bid u oor u kinders & vir u kinders: eers wanneer spanning & sorge u daartoe dryf? Of reeds wanneer hulle nog nie daar is nie?

3) Wat bid u vir u kinders: goeie huwelik? Goeie betrekking? Vordering in maatskappy? Of: 'n Kind wat aan God behoort, deur God gebruik kan word? U verborge ideale vir u kind?

II Die Weggee van 'n Kind:

Eers bid sy: Here, gee. God hoor haar gebed. O, watter wond. tyd van verwagting & vreugde & vervulling as sy ontdek: Ek dra 'n kindjie onder my hart! // Lees haar lofsang in Sam. 2 — soos die van 'n Maria!

En nou kom sy en sê: „Dankie Here: U het gegee — nou kom gee ek terug! Normaalweg kon sy so maklik reageer het soos d. moeder van 'n eerste en moontlik enigste kind: om hom



vir haarself te hou, om die kring van haar bestaan net om haar en haar kind te trek! Hoeveel bitterheid en droefheid besorg ouers hulleself en hulle kinders wanneer hulle so reageer!

Maar nie Hanna nie: nog voor sy geboorte het sy al besef dat hy aan God behoort. Sy hou haar belofte: hy word afgestaan aan die Here. Besef ons wat dit hierdie vrou moes gekos het om getrou te bly aan haar woord! Die woord „afstaan" is misleidend: dit gee so die indruk asof die kind hare was om af te staan. Eintlik is dit tog God wat 'n kind aan haar afstaan! Altyd God wat 'n mens leme aan 'n vader & moeder leen. Maar Hanna verstaan dit; wat sy bedoel is: ek doen afstand van hom in my hart — ek sal hom nie bind deur my liefde, my ideale, my begeertes nie! Hoekom? Omdat sy haarself eers weggegee het aan God!

→ ① 'n Ouer kan sy kind nie weggee aan God voordat hy homself nie weggegee het aan God!

En as die ouer dit nie opreg doen nie, ontdek sy kind baie gou die oneghtheid, die vroomdoenery, die huigelspel!

② Om 'n kind weg te gee aan God beteken nie noodwendig eerstens of dat u kind predikant of sendingleraar of geestel. werker moet word nie! Dit beteken dat u u kind leer dat sy aardse beroep 'n godd. roeping behoort te wees, dat sy hoogste strewe moet wees om God te eer en sy naaste te dien uit liefde — en dat ~~alleen~~ my Christenskap laat deel gedaan word wanneer ek my word van my werk as dokter, as verpleegster, as prokureur, as huismoeder, as klerk, as student, as mynwerker!

## III Wekroep tot 'n Kind:

Eers het 'n vrou geroep tot God — nou word die rol omgedraai: God roep nou haar Kind!

— Hoe dit geskied:

— Hoe die jongman dit agterkom

— Die wekroep is ~~[illegible]~~ aangenaam ~~[illegible]~~ : maar die opdrag daaraan verbind is <u>bitter onaangenaam</u>. En ook dit is van God!

— Samuel se verdere loopbaan:

→ Om jou Kind aan God te gee beteken nie noodwendig <u>voorspoed</u> en <u>seën</u> & geluk nie! Bring mee teëkanting & vyandskap & stryd! (Maria en Jesus!